

BOEKBESPREKINGS.

A. VAN SELMS, D.D., *Marriage and Family Life in Ugaritic Literature*.
London, Luzac & Co., 1954, 163 pp.

In hierdie sosiologiese studie van die lewe in die Noord-Siriese kusstad Ugarit (ook bekend onder die moderne naam Ras Shamra) waarvan die „literatuur” dateer uit ongeveer die 14de eeu voor Christus, dus van voor die geskrifte van die Ou Testament, gee Prof. van Selms 'n model van oudheidkundige ondersoek ewe verantwoord wetenskaplik as boeiend leesbaar geskryf. Dit was seker 'n vonds om aan die tekste van Ugarit, wat grotendeels nie administratief nog juridies van aard is, maar mitologies en legendaries, soveel gegewens te ontleen vir die maatskaplike lewe van hierdie gemeenskap wie se geloof en digting in die reste van sy letterkunde aan die woord is. Van die riskante van sy onderneem, insover as die mites en epiese tekste nie so sondermeer as 'n spieël van die werklike lewe van hierdie stad in die tyd van neerskryf van sy denke en digte beskou kan word nie, was die skrywer hom goed bewus (ek verwys na bls. 8, 16, 49, 54, 73, 123) en meestal het dit hom geluk om aan die gevare van 'n te veel en te spoedige konklusies-trek te ontkom. Vraagtekens in hierdie verband sou ek bv. wil set by wat die skrywer konkludeer aangaande die ontbreek van geskrewe skeidings- en selfs huwelikskontrakte in Ugarit uitgaande van 'n versreël van die Krt-epos (bl. 48v.), en waar die uitdrukking *trch hdth* vir die van dienspelig vrygestelde eggenoot as „eggenoot vir minder as een maand” i.p.v. as „paseghuwde eggenoot” opgevat word (bl. 45; dat 'n meer presiese term verwag moet word, is juis in vergelyking met Deut. 24:5 nie vol te hou nie).

In sy beskrywings van die doel van die huwelik, die voorbereidings daartoe, die bruihof, die huweliksvorme, kindergeboorte, seuns en dogters en hulle kinderpligte, familierelasies, doodkonsepsies, begrafnis- en rougebruike en vererwing gee die skrywer 'n onvermoede ryk materiaal, uit sy tekste opgedelf, wat teen 'n wye agtergrond van volkekundige en veral oud-Oosterse gebruike reliëf verkry en baie plekke van die Ou Testament in nuwe of skerper lig stel. In die laaste verband noem ek slegs die skerp en juiste definisie van die *mohar* as kompensasielig vir die bruid gegee (bl. 22), die beeldspraak van die geliefde as 'n akker of wingerd (bl. 24, soos meermale in Hooglied), die belangrikheid van die verhouding skoonvader-skoondogter (bl. 35v.; by die bespreking van Gen. 38:11 sou ek nie durf sê nie dat Juda deur die terugstuur van Tamar na haar vader se huis „made it clear to her — though he did not actually say so — that he no longer wanted her as a daughter-in-law” want Juda sê uitdruklik: „Bly 'n weduwee in die huis van jou vader totdat my seun Sela groot is”; dit is ook van betekenis vir die bovermelde konklusies op bl. 49). Die

befaaamde teks Jes. 7:14 oor die „maagtelike” geboorte van die Verlosserkind kry ’n ander aspek deur wat vermeld word op bl. 39 en 108v. (die laasgenoemde vermelding ontbreek in die Index van Bybelplekke). Of Hoogl. 8:2 reg geïnterpreteer word as bl. 121 *telammedēni* opgevat word as „,thou would instruct me’, namely, in the ways of love”, lyk my twyfelagtig waar die hele perikoop spreek oor wat die bruid vir haar bruidegom wil wees en sy blykbaar genoeg ervaring en kennis van liefdesake het (die ou vertalings het ook meistens ’n ander teks).

Nuwe, grotendeels eie verklarings van Ugaritiese terme gee die skrywer op menige bladsy; veral die aangaande *khrt*, *bnt hll* en *snnt* bl.85v. lyk geheel en al aanneemlik en beter as die totnoutoe gebruiklike. Insake die raaiselagtige uitdrukking „*btchpth* van die aarde” lyk die veronderstelling van ’n selfstandige naamwoord *tchpth* inderdaad verkieslik (bl. 131vv.), maar die verklaring van die uitdrukking as „the freedom of the earth” as benaming vir die graf is ingewikkeld en maak ’n gedwonge indruk. Is dit nie moontlik om die Ou-Testamentiese uitdrukking „die benedenste dele van die aarde” te vergelyk en in die stam *chpth* ’n betekenis „laag, onder wees” te veronderstel en aan te wys (vgl. by Köhler, *Lexikon die Arabiese stam chabatha* „niedrig sein”, die Midrasjiese *chaphshushita* „sediments” by Jastrow), of ’n betekenis soos „die beslotenheide van die aarde” in verband met die Arab. *habasa* „insluit, terughou” (vgl. Gesenius-Buhl, s.v. *chophshi* en *chabash*, en Krt. 125:87v. *qbr tsr* „the grave will close in”, sien ook die voorstelling van die graf as ’n „cave”, bl. 131, 135)? By vergelyking met die Hebr. *chophshi* moet seker ook Ps. 88:5v. in aanmerking kom. In die doodsbeskouing is seker die ooreenkoms met die van Prediker opmerklik (bl. 132) waar ook die taal van Prediker verwantskap met Kanaänities-Fenisië vertoon (vgl. M. J. Dahood, „Canaanite-Phoenician Influence in Qoheleth, *Biblica* 33, 1952, pp. 30-52, 191-221).

Vir die mening van die skrywer dat die uitdrukking *ybmt limm* vir die godin Anat, lett. „skoonsuster van die volke” moontlik „minnares van die volke” sou kan beteken (bl. 70), sou ek wil verwys na ’n dergelike betekenisverskuiwing by die uitdrukking *klt* wat eintlik „skoondogter” beteken, dan ook die gangbare woord vir „bruid” word in die mond van die bruidegom (bl. 35v.) en dat „suster” in Hooglied dikwels staan vir „bruid, geliefde”. So sou ons drie voorbeelde hê van terme vir ’n noukeurig bepaalde familieverhouding wat in ’n algemenere betekenis vir ’n liefdesverhouding gebruik is.

Die geskrif van Prof. van Selms is boektegnies en tipografies uitnemend versorg. Die enigste wat mens vir die gemaklike naslaan anders sou wens, is ’n deurlopende paragrafering, en die aanwysing daarvan bo-aan die bladsy. Die geskrif is aangekondig op die titel-

pagina as „Pretoria Oriental Series I”. Ons hoop dat hierdie nuwe serie 'n lang reeks gaan word, en dat hierdie eerste deel die standaard vir al die volgende geset het.

27 Januarie 1955.

B. GEMSER.